



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2020

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1 1.1.1
- Die regering gaan bykomende uitgawes aan ten opsigte van die betaling van onderhoudstoelaes, mediese sorg en ander maatskaplike dienste.
 - Tienerma's is geneig tot sielkundige probleme, soos depressie en selfdood.
 - Tienerma's gooi dikwels hulle kinders weg, wat hulle die staat / uitgebreide gesin se verantwoordelikheid maak.
 - Tienerma's verlaat die skool.
 - Die formele onderrig van tienerma's word tydens swangerskap uitgestel.
 - Tienerswangerskap lei soms tot onveilige aborsies, wat tot die dood van die ma kan lei.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)

1.1.2

VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS

- Onder die tradisionele Aka-mense is daar wette wat bedoel is om te verseker dat 'n vrou haar maagdelikheid bewaar.
- In sommige gevalle word vroeë huwelike aangemoedig om swangerskap te voorkom.
- Die huwelik dien as 'n heilige tradisionele stadium om van kind tot volwassenheid oor te gaan.
- Volgens die Afrika tradisie word geen vrou toegelaat om te trou sonder om deur die puberteitsrituele te gaan nie.
- Alle jong vroue moet maagde wees voor hulle trou.
- Die godsdiens leer volgelinge om weg te bly van seksuele omgang voor die huwelik.
- Dit is 'n beginsel van Ubuntu om jou eie liggaam en jou afkoms te respekteer.
- Afrika-vroue ondergaan toetse vir maagdelikheid om voorhuwelikse seks en tienerswangerskap te voorkom.
- Onder die AmaZulu bevorder die Rietdansfees die bewaring van maagdelikheid onder die meisies.
- As 'n Zulu-man 'n vrou buite die huwelik swanger maak, moet hy vergoeding betaal (ukuhlawula).

VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP

- 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.' (I Kor. 6:13).
- Dit beteken dat seks en seksualiteit moet binne die Bybelse leringe wees wat voorhuwelikse seks verbied.
- 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' (Exodus 20:14)
- Hierdie gebod verbied voorhuwelikse of buitehuwelikse seks.
- 'Wanneer 'n man 'n jongmeisie wat nog nie verloof is nie, verlei om met geslagsgemeenskap te hê, moet hy aan haar pa die volle bruidsprys betaal en met haar trou.' (Exodus 22:16-17).
- Dit beteken dat die man die vrou moet vergoed wat dus seks buite die huwelik ontmoedig.
- Christene word geleer om heilig te lewe, onthouding van seks voor die huwelik ingesluit.

- 'Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.' (Psalm 23: 1–6).
- Dit beteken die jeug moet op God steun vir hulle behoeftes en moet 'sugar daddies'/'blessers' vermy.
- Maria was aan Josef verloof, maar sy het haar maagdelikheid voor die huwelik behou. (Lukas 1:34)
- Dit wys dat seks buite die huwelik nie toegelaat word nie, selfs tussen mense wat aan mekaar verloof is.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word n Maksimum van SES punte mag toegeken word indien drie relevante leringe slegs GENOEM word.

(12)

1.2 1.2.1

LET WEL: TWEE punte word toegeken indien TWEE vertakkinge van dieselfde religie genoem word.
VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP

• Bestuur/Beheer in Katolisisme	• Bestuur/Beheer in Protestantisme
<ul style="list-style-type: none"> • Die hoof van Katolisisme is die Pous. • Die sentrum van mag is in Rome (Vatikaan). • Die kerk word op gemeentevlak deur priesters, dekanieë deur dekens, bisdomme deur biskoppe en aartsbisdomme deur aartsbiskoppe bestuur/beheer/gelei. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die kerke word bestuur deurbevestigde/ingeseënde predikante en biskoppe en verkose ouderlinge. • Algemene beheer is deur 'n hoër gesag soos 'n sinode of algemene vergadering wat deur die voorsittende biskop gelei word. • Sommige Protestante kerke is onafhanklik en nie aan 'n hoër gesag as die gemeente verantwoordelik nie.
• Bestuur/Beheer in die Ortodokse Christendom	
<ul style="list-style-type: none"> • Die verskil tussen die Katolieke en Ortodokse Kerke is dat laasgenoemde nie die leierskap van die Pous aanvaar nie. • Gesag binne die kerk is in die hande van biskoppe en aartsbiskoppe. • Hulle is bevestig as predikante, priesters, biskoppe en aartsbiskoppe • Hulle bevestigde predikante mag trou. Hulle hoef nie selibaat te wees nie. 	

(16)

1.2.2

Katolisisme	Protestantisme
<ul style="list-style-type: none"> • Bywoning van die heilige Mis op 'n Sondag is verpligtend. • Soos wat kinders grootword, ontvang hulle die sakramente op verskillende stadiums: Eerste Nagmaal, en aanneming. • Hulle gebruik die bidsnoer wanneer hulle bid. • Katolieke is lief vir die simbool van die kruis en die kruisbeeld – die laasgenoemde is 'n kruis met 'n figuur van Jesus daarop. • Die sakrament van belyding behels om sondes aan 'n priester te bely. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle woon gereeld kerkdienste op 'n Sondag by. • Soos wat kinders grootword, ontvang hulle geskikte vorming, bv. Sondagskool, jeuggroepe. • Hulle plaas groot klem op die geskifte. • Daar is opwekkingsdienste. • Daar word helingsdienste gehou.
Oosters-Ortodokse	
<ul style="list-style-type: none"> • Hulle gebruik baie wierook in hulle rituele. • Hulle hou van ikone (spesifieke styl heilige beelde) en die binnekante van kerke is ryklik versier. • In hulle gebede soen hulle die ikone en steek hulle kerse aan. • Oosters-Ortodokse vroue dra wit klere in die kerk. 	

(12)

1.2.1 **VOORBEELD 2: BOEDDHISME**

<ul style="list-style-type: none"> • Theravada-Boeddhisme. • Die bestuur/beheer van die Theravada- en Mahayana-vertakkings is basies dieselfde. • Theravada-Boeddhisme is een kompakte vertakking, met min of geen afwyking in verskillende dele van die wêreld nie. • Die klooster het groter betekenis in Theravada-Boeddhisme as in ander vertakkings. • Tibetaanse Boeddhisme • Tibetaanse of Zen-Boeddhisme het 'n leier wat die Dalai Lama genoem word. • Daar was 'n opvolging van Dalai Lamas vanaf die 17de eeu tot 1959. • Toe die Volksrepubliek van China in 1959 ingeneem het, het die huidige Dalai Lama, Tenzin Gyatso, uit Tibet gevlug. • Hy is sedertdien 'n geestelike leier in ballingskap. 	<ul style="list-style-type: none"> • Mahayana-Boeddhisme • Elke groep van die Mahayana word deur 'n senior monnik bestuur. • Die senior monnik word deur 'n raad van ander senior monnike en soms senior nonne bygestaan. • Hierdie vorm van Boeddhisme het in baie groeperings ontwikkel wat tot baie buigsaamheid met betrekking tot bestuur gelei het.
--	--

1.2.2

Theravada-Boeddhisme	Mahayana-Boeddhisme
<ul style="list-style-type: none"> • In Theravada-Boeddhisme is dit vir die individu die ideaal om 'n lewe van meditasie te lei om sodoende geestelike ontwikkeling te bereik. • Hulle bly in kloosters, bedel vir kos en mediteer die meeste van die dag. • Die monnike help en werk saam met leke in belangrike gebeurtenisse soos geboortes, huwelike en begrafnisse. • Die monnike neem nie die leiding nie maar hulle is aanwesig om gewig aan hierdie gebeure te gee. • Die meeste godsdienstige praktyke word tuis uitgevoer alhoewel daar ook individuele en gemeenskaplike meditasie en kantillering ('chanting') in tempels is. <p>Tibetaanse Boeddhisme</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hierdie Boeddhiste voer heelwat rituele uit, soos om offerhande te bring aan beelde van Boeddha, en die bywoon van openbare leersessies. • Hulle gebruik rituele en kantillering vir gebed. • Hulle beoefen ook meditasie. • Hulle gaan in beswymings (mantras) in om wysheid te verkry. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie vorm van Boeddhisme het 'n konsep nl. Bodhisattva, ontwikkel. • 'n Bodhisattva is 'n persoon wat op sy/haar eie meriete Nirvana kon ingaan, maar uit deernis vir die lyding van mense besluit het om hierdie intog te vertraag om ander te help. • Die Bodhisattva is dus beskikbaar om mense te help om geestelike ontwikkeling te bekom en kan later 'n Boeddha word. • In Mahayana-Boeddhisme kan gewone mense goddelike wesens nader om hulle te help met hulle soeke na verlossing. • Mahayana-Boeddhiste kan meer rituele elemente beoefen as wat in Theravada-Boeddhisme onderhou word. • Voorbeelde is om hulleself uit te strek en te kantilleer en wierook te brand.

(12)
[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 **LET WEL: 'n Maksimum van 8 punte moet toegeken word indien die kandidaat oor slegs een van die twee aspekte, nl PLEK en VERANTWOORDELIKHEID geskryf het.**

VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP

- Mense word na die beeld van God geskep. Mense is die kroon van die skepping.
- Adam en Eva is beveel om na die Tuin van Eden om te sien/Rentmeesterskap
- God het aan hulle opdrag gegee om oor die hele wereld te heers.
- Mense is God se verteenwoordigers op Aarde.
- Hulle is aangestel om na Sy eiendom, die hele wêreld en alles daarop, om te sien.
- Omgewings- en ekologiese kwessies is die mensdom se verantwoordelikheid.
- Mense is aan God toerekenbaar.

(12)

- 2.1.2
- Volgens die Christenskap kan boosheid deur geloof in Jesus Christus oorkom word.
 - God sal altyd oor Satan triumfeer.
 - Deur die dood en opstanding van Jesus Christus is boosheid oorwin.
 - In die boeke Daniël en Openbaringe staan daar dat daar 'n katastrofiese einde van hierdie wêreld sal wees en die begin van 'n nuwe era, met 'n nuwe geskiedenis en nuwe werklikheid van geregtigheid.
 - Christene glo dat in die laaste dae die gelowiges sal transformeer na 'n nuwe lewe van vrede en die ewige lewe.
 - Jesus word as die Messias beskou, die Gesalfde wat die koninkryk van geregtigheid gebring het.
 - Jesus leer ons dat boosheid nie boosheid kan oorkom word nie, slegs deur die goeie.

(14)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word

- 2.1 2.1.1 **VOORBEELD 2: TAOÏSME**
- Mense is net 'n klein mikrokosmiese neweproduk van die Tao se kreatiewe aktiwiteit.
 - Mense is nie spesiaal of in beheer van die wêreld nie.
 - Hulle word nie benodig om na die wêreld om te sien nie.
 - Die wêreld en die heelal sal voortgaan of daar mense is of nie.
 - Die wêreld sal die vorm aanneem wat die Tao daaraan gee.
 - Mense het die potensiaal om slegs 'n baie klein gedeelte van die skepping te vernietig.
 - Selfs al word daardie deel vernietig, sal die ongelooflike en oorvloedige kreatiewe aktiwiteit van die Tao voortduur.

(12)

- 2.1.2
- Taoïsme sê niks oor die konsep van boosheid nie.
 - Dit is omdat alles die Tao is: soos dinge moet wees.
 - As ons vind dat ons begeertes nie vervul word nie, moet ons ons begeertes ondersoek.
 - Vir die Taoïste is dit nie net 'n saak van om jou begeertes te verander sodat lyding verwyder word nie.
 - Mense moet hulleself in lyn stel met die ware aard van die Tao.
 - Op daardie manier sal hulle negatiewiteit oorkom (boosheid).
 - Mense kan lyding veroorsaak, maar hulle kan boosheid oorkom deur in harmonie met dinge, mense en in hulleself te leef.
 - Alles moet volgens die wil van die Tao gebeur.
 - Mense moet hulle begeertes opgee en doen wat die Tao wil hê.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word

(14)

- 2.2
- **Grammatika en historiese konteks**
 - Die oorspronklike grammatikareëls en historiese feite moet in ag geneem word in die interpretasie van heilige tekste.
 - Die betekenis van woorde in heilige tekste moet hulle betekenis weerspieël, soos dit in die gewone sin gebruik is.

- **Duidelikste betekenis/betekenis van woorde**

- Die betekenis wat die duidelikste is (of die vanselfsprekendste), moet oorweeg word.

- **Plan, doeleinde en konteks**

- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in ag geneem word.
- 'n Uittreksel moet as deel van die geheel beskou word.
- Bv. Is die in die vorm van poësie of prosa geskryf?

- **Figuurlike taal**

- Figuurlike taal word dikwels in sommige heilige tekste gebruik. Dit moet as sulks geïdentifiseer word sodat dit nie letterlik geïnterpreteer word nie.
- Figuurlike taal vereis die toepassing van ander hermeneutiese beginsels sodat dit korrek geïnterpreteer word.

- **Betekenis van woorde**

- Die betekenis van woorde verander mettyd en op verskillende plekke.
- Probeer om uit te vind wat die oorspronklike betekenis van woorde in 'n spesifieke konteks is.
- **LET WEL:** Enige drie van die bogenoemde is aanvaarbaar.

(12)

2.3 **LET WEL: Kandidate moet nie gepenaliseer word wanneer hulle nalaat om die naam van die religie te noem nie. Die bespreking van die religie moet wel ondubbelsinnig wees. Indien die kandidaat meer as een religie bespreek, moet punte slegs toegeken word vir die EERSTE religie wat bespreek is.**

VOORBEELD 1: HINDOEÏSME

- In Hindoeïsme kry die oorspronklike klank van die gesproke woord absolute voorkeur.
- Die mondelinge en geskrewe tekste het uit inspirasie ontstaan wat tot 4 000 jaar gelede tergdateer.
- Die oorspronklike inspirasie is vir eeue, selfs millenniums voor die aankoms van aangehoorde geskrifte (shruti) mondelings oorgedra.
- Die aangehoorde geskrifte word onderskei van sekondêre, afgeleide menslik saamgestelde geskrifte soos filosofiese interpretasies.
- Hierdie onderskeiding is egter nie absoluut nie.
- Die komposisies, kommentaar en interpretasies is later by die heilige tradisie van die Vedas ingesluit.
- Die Brahmanas en die Upanishads het later komposisies, kommentaar en interpretasies van die vroeë versamelings geword.
- Soos wat tyd verloop het, was daar ontwikkeling van die oorspronklike na die afgeleide tot die verskillende klassieke filosofiese skole.
- Voorbeelde van die klassieke filosofiese skole wat ontwikkel is: Nyaya, Vaisheshika, Sankhya, Purva-Mimamsa, Joga en Vedanta.
- Mettertyd was daar meer innoverende en gesaghebbende kommentators en herinterpreteerders.
- Voorbeelde van die innoverende en gesaghebbende kommentators is Shankara en Vivekananda.

(12)

2.3 **VOORBEELD 2: JUDAÏSME**

- Soos in baie godsdienste, is die oorspronklike inspirasie eerstens hoofsaaklik deur die mondelinge tradisie versprei.
- Hierdie mondelinge tradisie is vir honderde, selfs duisende, jare oorgedra.
- Die primêre geskrifte in Judaïsme staan gesamentlik as die Tanach bekend.
- Die Tanach bestaan uit die Torah, Nevi'im en Ketuvim.
- Die eerste groep van die primêre geskrifte het teen die 5de eeu VHJ kanonieke status bekom.
- Die tweede groep primêre geskrifte het teen die 3de eeu VHJ kanonieke status bekom.
- Die derde groep primêre geskrifte is teen die 1ste eeu VHJ finaal in die kanon aanvaar.
- Die versameling ('corpus') van hierdie geskrifte is na deurdagte raadpleging deur die geleerdes as die woord van God onthul.
- Die Apokriewe is nie as goddelik onthulde boeke ingesluit NIE.
- Die kanon is daarna deur die Talmoed ondersteun.
- Die Talmoed bestaan uit die Misjna en die Gemara
- Die Talmoed is teen die einde van die 5de eeu AE voltooi.

- In die derde reeks/laag was daar verdere rabbynse verduidelikings van die Torah.

Die belangrikste van hierdie rabbynse verduidelikings is neergeskryf. (Midrash)

(12)
[50]

VRAAG 3

3.1 **LET WEL: Indien die kandidaat nêrens in sy respons enige wêreldbeskouing noem nie, mag geen punte toegeken word nie. 'n Maksimum van AGT punte mag toegeken word waar slegs die betekenis en dit wat hulle glo bespreek word.**

VOORBEELD 1:

- **MATERIALISME**

- Hierdie wêreldbeskouing het in verskeie areas in Europa en Asië ontstaan.
- Dit het in die Aksiale Era van 800 tot 200 VJ ontstaan.
- Materialisme word uitgedruk in antieke Indiese filosofie, in Boeddhisme en Confucianisme.
- Baron d'Holbach (1723–1789) het beweer dat aanvanklik het niks behalwe die natuur (stof) bestaan nie.
- In die Weste is materialisme die eerste keer deur Griekse filosowe – die Atomistiese ontwikkel en het in die 18de eeu herleef.
- 'n Uitbreiding van die konsep materialisme is in die 9de eeu deur Karl Marx gemaak.
- Marx het menslike geskiedenis en ekonomiese aktiwiteit by materialisme ingesluit.
- Teen hierdie tyd was die Protestante beweging besig om veld te wen in Europa.
- Dit het sekulariste, materialiste ingesluit, aangemoedig om wêreldbeskouings behalwe godsdiens te ontwikkel.

(12)

3.1 **VOORBEELD 2:**

- **SEKULÊRE HUMANISME**

- Dit is 'n konsep wat in die 1950's vir die eerste keer gebruik is.
- Sekulêre humanisme is 'n vertakking van humanisme.
- Die term 'humanisme' was oorspronklik 'n godsdienstige term.
- Tydens die Renaissance was 'n humanis iemand wat klassieke literatuur en onderwys bestudeer het.
- In die 19de eeu het die betekenis van 'humanisme' verskuif om 'ateïsme' vir die meeste Engelssprekendes te beteken.
- Sekulêre humanisme het ontstaan omdat spesifieke filosowe dit nodig gevind het om hulle eie teorieë wat godsdiens sou vervang, voor te lê.
- Die Raad vir Sekulêre Humanisme is in 1980 gestig.
- Dit het 'n verklaring uitgereik wat hulle lede se oortuigings, 'n 'Verklaring van Sekulêre Humanisme', weerspieël het.
- Die 25ste herdenking van die Raad vir Sekulêre Humanisme is in 2005 gehou.
- Die Wêreldkongres is tydens die herdenking gehou.
- By die Wêreldkongres het sekulêre humaniste vir 'n nuwe verligting/ontwaking gevra.
- Die nuwe verligting/ontwaking is veronderstel om na die Midde-Ooste en ander dele van die wêreld te versprei.

(12)

- 3.2
- Godsdienstige invloed het in baie sferes van die samelewing afgeneem.
 - Dit bevorder godsdienstige vryheid.
 - Dit bevorder godsdienstige verdraagsaamheid.
 - As gevolg van sekulêre invloed is daar geen godsdiens wat amptelik deur die staat voorgestaan word nie.
 - Daar is vreedsame saambestaan want alle godsdienste word as gelyk erken.
 - In 'n sekulêre konstitusie mag alle godsdienste beoefen word en op hulle eie maniere aanbid, maar dit mag nie op die godsdienstige regte van ander inbreuk maak nie.
 - By staatsfunksies, soos die inlywing van die president, neem alle godsdienste deel.
 - Godsdiens kan nie voorwaardes ten opsigte van die wette van die staat dikteer nie.
 - Sekularisme het tot herevaluering/herinterpretasie van geskryfte gelei.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word

(12)

- 3.3
- Volgens die Oerknalteorie weet ons nie wat voor die Oerknal bestaan het nie.
 - Die teorie beweer dat daar 'n enorme ontploffing in die ruimte was en, binne 'n sekonde, het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
 - Die Oerknalteorie het ongeveer 13,7 miljard jaar gelede plaasgevind.
 - Die Oerknalteorie beweer dat die skeppingsproses in 'n breukdeel van 'n sekonde geneem het.
 - Klein temperatuurverskille in die aanvanklike ontploffing het die vorming van stof en energie tot gevolg gehad.
 - Die stof het gekondenseer en het die sterre en sterrestelsels gevorm.
 - Wetenskaplikes glo dat die heelal steeds uitbrei.
 - Dit is nie bekend of die heelal tot 'n einde sal kom en of dit sal gebeur nie.

(10)

3.4 **VOORBEELD: ISLAM**

- Islam leer ons dat Allah die skepper van alles in die hemel en op aarde is.
- Die eerste mens was Adam, wat God uit klei gemaak het.
- Allah het sy gees in Adam geblaas en hy het begin lewe.
- Eva (Hawwa) is toe uit Adam se rib geskep.
- Mense geniet die hoogste status van al Allah se skeppings.
- Hulle het oorspronklik in die Paradise/Tuin van Eden gewoon.
- Mense is geskep sodat hulle Allah kan aanbid.
- Volgens die evolusieleer is mense nie perfek geskep nie.
- Soos alle ander spesies het mense geleidelik ontwikkel (van vorm verander) en meer kompleks ontwikkel op die pad van suksesvolle variasie.
- Darwin het geglo dat mense nie 'n hoër status geniet nie maar in die geveg om oorlewing het hulle beter aangepas en is bevoordeel terwyl dié wat nie het nie, uitgesterf het.
- Beide die wêreld en sy spesies het met tyd verander.
- Dit is dus duidelik dat Islam die idee dat die mens net nog 'n dier is wat uit ape ontwikkel het, verwerp.

LET WEL: Indien slegs een aspek bespreek word, ken 'n maksimum van SES punte toe

(16)

[50]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 **VOORBEELD 1: SOEDAN** (2)
- 4.1.2
- Die konflik in Soedan duur al vir meer as 100 jaar.
 - Die noorde van Soedan bestaan hoofsaaklik uit Arabies-sprekende stamme. Hulle is meesal Moslem.
 - Sommige stamme is animiste.
 - Nog ander is Christene wat in die Darfur-streek en die suide woon.
 - Daar is ook ekonomiese faktore wat 'n rol speel.
 - Die ekonomie van die noorde is beter ontwikkel as die dié van die suide.
 - Die ontdekking van olie in die suide (Heglig-velde) het tot fraksionele konflik gelei.
 - Khartoem neig daartoe om politieke beheer oor die suide uit te oefen (as gevolg van die olie).
 - Toe Khartoem Sjaria-wet op die hele land van toepassing gemaak het, het dit in 'n gewapende opstand teen die regering gelei.
 - Die Sudan People's Liberation Army (SPLA) is gestig en lei die aanvalle teen die regering.
 - Die SPLA het in twee verskillende faksies verdeel, en teen mekaar gedraai. (10)
- 4.1.3
- Die Wêreldraad van Kerke en die Afrika-konferensie van Kerke het 'n belangrike rol in die bemiddeling van korttydvrede in Soedan gespeel.
 - Die meeste godsdienstige leiers aan beide kante van die geskil wil vrede op plaaslike vlak bewerkstellig.
 - Mense van verskillende godsdienste lewe selfs vandag in vrede in een familie en regdeur dorpie.
 - Godsdienstige organisasies voer steeds humanitêre aktiwiteite uit aan al die mense wat deur die oorlog beïnvloed word, ongeag godsdienstige affiliasie.
 - Die godsdienstige liggame het nie daarin geslaag om politieke stabiliteit op nasionale vlak te bewerkstellig nie want hulle het nie politieke mag nie.
 - Godsdienstige ekstremiste, gekombineer met stamspanning in Suid-Soedan is steeds deel van die konflik. (10)

LET WEL: 'n Maksimum van SES punte mag toegeken word indien die kandidaat slegs een organisasie bespreek het

- 4.1 4.1.1 **VOORBEELD 2: SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK (SAR)** (2)
- 4.1.2
- In die SAR word godsdiens gebruik as 'n verskoning vir die konflik.
 - Die konflik tussen Islam en die Christendom is op etniese suiwering gebaseer (stamwese ['tribalisme']).
 - Dit lyk asof die regering en die weermag 'n klein rolletjie speel.
 - Christene teiken beide Moslems en buitelanders en dwing hulle om uit die land te vlug.
 - Kriminele elemente misbruik die konflik.
 - Daar is wydverspreide plundering van eiendom.
 - Die val van die regering het ook tot die konflik bygedra.
 - Daarom is dit nie net 'n godsdienstige konflik nie, maar godsdiens word ook deur beide politici en bendes gebruik om die mense te verdeel. (10)
- 4.1.3
- Konfrontasie in die SAR is tussen die Moslem-groep – Seleka, en die Christen-groep – Anti-Balak.
 - Baie godsdienstige organisasies soos die Programme for Christian-Muslim Relations in Africa, Interfaith Action for Peace in Africa en die Raad vir Godsdienstige Leiers het al probeer om hierdie godsdienstige konflik op te los, maar het misluk.
 - Die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) het probeer om godsdienstige gemeenskappe, die burgerlike samelewing, die private sektor en die regering saam te bring om die konflik op te los.
 - Die IFAPA kon saam met humanitêre organisasies werk om gesondheidsdienste, skuilplek en ander basiese behoeftes te verskaf.
 - Die konflik is meer polities as godsdienstig en het regeringsingryping nodig.
 - Godsdienstige organisasies het geen finansiële mag nie en hulle resolusies word deur politici verwerp.
 - Selfs die VN Multi-Dimensional Integrated Stabilisation Mission was nie in staat om misbruike in die land te keer nie.
 - Die land word deur 'n kultuur van straffeloosheid gedomineer en dit laat toe dat wandade voortgaan. (10)

- 4.2
- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat.
 - Dit beteken dat die magte van die staat en godsdiens van mekaar geskei is.
 - In die Handves van Regte van die Suid-Afrikaanse Konstitusie is godsdiensvryheid gewaarborg.
 - Dit beteken dat daar geen diskriminasie op die basis van godsdiens is nie. Alle godsdienste is gelyk.
 - Verskillende godsdienste bestaan saam en almal is vry om enige plek te aanbid ongeag kleur, ras of taal.
 - Daar is geen staatsgodsdiens wat ander gelowe domineer nie.
 - In openbare skole is daar vryheid van godsdienstige waarneming en bewustheid.
 - Religiestudies, as 'n vak, dek verskillende godsdienstige tradisies in plaas van 'n enkele geloofsinstruksie.
 - Leerders met verskillende tale en godsdienstige agtergronde is vry om onderrig by skole van hulle keuse te kry.

LET WEL: Twee punte word toegeken vir elke rede, en twee punte vir die uitbreiding daarop.

(16)

- 4.3
- Afrika-bekeerlinge na die Christendom wat godsdienstige predikers geword het, het geleidelik daarvan bewus geraak dat hulle nie dieselfde (gelyk) as hulle wit eweknieë behandel word nie.
 - Dit het daartoe gelei dat Afrika-predikers weggebreek het en hulle eie Christen-kerke, wat deur Afrikane bestuur is en die Afrika-kultuur ingesluit het, gestig het.
 - Hierdie beweging is gelei deur Dominee Mangena Mokone.
 - Ons noem hierdie kerke Afrika-geïnisieerde Kerke ('Africa Initiated Churches (AICs)').
 - Die AICs het as 'n versetbeweging teen Europese dominerende van die gevestigde kerke begin, wat uit Europa gekom het.
 - Daar is twee tipes AICs, die Ethiopiese tipe wat naby die Europese model gebly het.
 - Die ander is die Zionistiese tipe, wat nader aan die Afrika Tradisionele Godsdiens is.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word

(12)

[50]

TOTAAL: 150